**eduresourceza.com**

Downloaded from eduresourceza.com

Province of the
**EASTERN CAPE**
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## SEPTEMBER 2013

# GESKIEDENIS V1

**PUNTE:** 150

**TYD:** 3 uur

*HISTA1*

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye en 'n addendum van 10 bladsye.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


**INSTRUKSIES EN INLIGTING AAN KANDIDATE**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER vrae gebaseer op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk vir 2012, wat soos volg is:

VRAAG 1: DIE IMPAK VAN DIE KOUE-OORLOG IN DIE VORMING VAN DIE WÊRELD IN DIE 1960's

- USSR/VSA – Skepping van invloedsfere: Fokus op Kuba

VRAAG 2: HOE WAS UHURU GEREALISEER IN AFRIKA IN DIE 1960's EN 1970's?

- Gevallestudie: Tanzanië

VRAAG 3: WATTER VORME VAN BURGERLIKE VERSET HET VANAF DIE 1960's TOT 1990 VOORGEKOM?

- Fokus 1960's: Burgerregtebeweging in die VSA

VRAAG 4: WATTER VORME VAN BURGERLIKE VERSET HET VANAF DIE 1960's TOT 1990 VOORGEKOM?

- Fokus 1970's: Swartbewussynsbeweging in Suid-Afrika

2. Elke vraag tel 75 punte en begin met 'n sleutelvraag.

3. Kandidate moet TWEE vrae beantwoord. Elke vraag bestaan uit beide bron-gebaseerde vrae wat 45 punte tel en die uitgebreide skryfwerkstuk wat 30 punte tel.

4. Kandidate moet hul kennis, vaardighede en insig toepas om die vrae te beantwoord.

5. Die blote oorskryf van die bronne as antwoorde sal die kandidate benadeel.

6. Vrae moet beantwoord word deur na die ADDENDUM te verwys.

7. Skryf netjies en leesbaar.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 1: HOE HET DIE KUBAANSE MISSIELKRISIS BYGEDRA TOT KOUE-OORLOGSPANNING TUSSEN DIE VSA EN RUSLAND IN DIE 1960's?**

Bestudeer Bronne 1A, 1B en1C om die volgende vrae te beantwoord.

1.1 Lees Bron 1A.

1.1.1 Watter land, volgens die bron, was 'n bedreiging vir Kuba? (1 x 1) (1)

1.1.2 Waarom, volgens die bron, het Chroesjtsjof gekies om Kuba te help? (2 x 1) (2)

1.1.3 Watter ander faktore, wat nie in die bron genoem word nie, het bygedra dat Chroesjtsjof missiele in Kuba installeer? (2 x 2) (4)

1.1.4 Gebruik jou kennis en die inligting uit die bron, om die begrip "*Kommunisme*" te definieer. (1 x 2) (2)

1.1.5 Verduidelik of hierdie bron betroubaar is vir historici wat die USSR se bedoelings in Kuba in 1962 ondersoek. (2 x 2) (4)

1.2 Verwys na Bron 1B.

1.2.1 Identifiseer EEN reaksie van die VSA teenoor die oprigting van kernwapens in Kuba. (1 x 2) (2)

1.2.2 Watter bewyse is daar in die bron wat daarop aandui dat die VSA bereid was om geweld te gebruik om die opbou van Russiese kernwapens in Kuba te stop? Gebruik TWEE visuele leidrade uit die bron om hierdie vraag te beantwoord. (2 x 2) (4)

1.2.3 Kan die Amerikaanse optrede geregverdig word? Gee TWEE redes om jou antwoord te staaf. (2 x 2) (4)

1.2.4 Beskryf die bruikbaarheid van hierdie bron vir historici wat navorsing doen oor die Amerikaanse reaksie teenoor die Kubaanse missielkrisis. (2 x 2) (4)

1.3 Raadpleeg Bron 1C.

1.3.1 Hoe beeld die spotprenttekenaar President Kennedy uit? (1 x 2) (2)

1.3.2 Gebruik die bron en jou eie kennis om te verduidelik waarom die verhouding tussen Kastro en Kennedy versleg het. (2 x 2) (4)

1.3.3 Vergelyk Bronne 1A en 1C. Verduidelik hoe hierdie bronne mekaar ondersteun met betrekking tot die verloop van die Kubaanse missielkrisis. (2 x 2) (4)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

1.4 Gebruik AL die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik waarom die VSA as oorsaak van die Kubaanse missielkrisis beskou kan word. (8)

1.5 UITGEBREIDE SKRYFWERK (Jou antwoord moet ongeveer TWEE bladsye lank wees.)

Beantwoord EEN van die volgende vrae: VRAAG 1.5.1 OF VRAAG 1.5.2.

1.5.1 Bespreek hoe die Kubaanse missielkrisis bygedra het tot Koue-oorlogspanning tussen die USSR en die VSA in die 1960's. (30)

OF

1.5.2 Chroesjtsjof het op die blokkade gereageer en verklaar dat: "... Ons sal dan gedwing word aan ons kant, om maatreëls te oorweeg wat nodig en voldoende is, om ons regte te beskerm".

Gebruik die inligting vanuit die relevante bronne en jou eie kennis om die geldigheid van hierdie stelling krities te bespreek. (30)

**[75]**

eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 2: WAS JULIUS NYERERE SE BELEID VAN SOSIALISME 'N SUKSES IN TANZANIË?**

Bestudeer Bronne 2A en 2B om die volgende vrae te beantwoord.

2.1 Verwys na Bron 2A.

2.1.1 Gebruik die inligting uit die bron en jou eie kennis om die volgende begrippe te definieer:

(a) Sosialisme (1 x 2) (2)

(b) Kapitalisme (1 x 2) (2)

2.1.2 Wat was die doelwit van Nyerere se beleid? (1 x 2) (2)

2.1.3 Gebruik die inligting uit die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom Nyerere beide kapitalisme en sosialisme as die basis vir Tanzanië se ontwikkeling verwerp het. (2 x 2) (4)

2.1.4 Hoe dink jy, sou Tanzaniërs gereageer het op die beleid van Ujamaa? (1 x 2) (2)

2.1.5 Haal bewyse uit die bron aan wat daarop dui dat Ujamaa 'n vrywillige demokratiese proses was. (2 x 1) (2)

2.2 Gebruik Bron 2B.

2.2.1 Volgens die bron, identifiseer DRIE areas van suksesse van die Ujamaa-beleid. (3 x 1) (3)

2.2.2 Hoe sal jy die lae vlakke van gesondheidsorg-sentrums in 1969 verklaar? (2 x 2) (4)

2.2.3 Gebruik die bron en jou eie kennis om te verduidelik waarom die aantal dorpe so dramaties het in 1978 toegeneem. (2 x 2) (4)

2.2.4 Wat was die lewensverwagting van Tanzaniërs in 1976? (1 x 2) (2)

2.2.5 Met hoeveel jare het Tanzaniërs se lewensverwagting verbeter tussen 1967 en 1976? (1 x 2) (2)

2.2.6 Gebruik die bron en jou eie kennis om te verduidelik waarom die lewensverwagting van Tanzaniërs so dramaties in 1976 verbeter het? (2 x 2) (4)

2.2.7 Verduidelik of hierdie statistieke betroubaar is vir studente wat die impak van Ujamaa op Tanzaniërs bestudeer. (2 x 2) (4)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

2.3 Gebruik AL die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy die impak van die Ujamaa-beleid op Tanzanië verduidelik. (8)

2.4 UITGEBREIDE SKRYFWERK (Jou antwoord moet ongeveer TWEE bladsye lank wees.)

Beantwoord EEN van die volgende vrae: VRAAG 2.4.1 OF VRAAG 2.4.2.

2.4.1 Verduidelik die impak van Nyerere se beleid van sosialisme in die heropbou van Tanzanië na onafhanklikheid. (30)

OF

2.4.2 Was Nyerere se beleid van Afrika-sosialisme 'n sukses?

Gebruik die inligting vanuit die relevante bronne en jou eie kennis om jou antwoord te staaf. (30)
**[75]**

eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 3: WATTER VORME VAN BURGERLIKE VERSET HET IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA (VSA) IN DIE 1960's PLAASGEVIND?**

Bestudeer Bronne 3A, 3B en 3C om die volgende vrae te beantwoord.

3.1 Raadpleeg Bron 3A.

3.1.1 Watter bewyse in hierdie bron dui daarop dat Afro-Amerikaners onderdruk was? (3 x 1) (3)

3.1.2 Gebruik die inligting uit die bron en jou eie kennis, om die begrip "*onderdrukking*" te definieer. (1 x 2) (2)

3.1.3 Wat, volgens die bron, was die aard van die burgerregte-protes? (1 x 2) (2)

3.1.4 Verduidelik wat jy dink Martin Luther King Jnr. bedoel het met die volgende frase: "Ons is altyd op die drumpel van 'n nuwe dagbreek." (2 x 2) (4)

3.2 Bestudeer Bron 3B.

3.2.1 Gebruik die bron en jou eie kennis om te verduidelik waarom die Burgerlike Versetbeweging met die Vryheidsritte-veldtog begin het. (2 x 2) (4)

3.2.2 Haal bewyse uit die bron aan wat daarop dui dat lede van die Vryheidsritte vasbeslote was om rasse-segregasie op openbare vervoer te beëindig. (2 x 1) (2)

3.2.3 Gebruik die bron en jou eie kennis en verduidelik hoe die Suidelike State die Amerikaanse grondwet geskend het. (1 x 2) (2)

3.2.4 Verduidelik die betroubaarheid van hierdie bron vir studente wat rasseverhoudings in Amerika bestudeer. (2 x 2) (4)

3.3 Verwys na Bron 3C.

3.3.1 Wat, volgens die bron, was die doelwit van die Vryheidsomer? (1 x 2) (2)

3.3.2 Deur jou eie kennis te gebruik, dui aan wat die vereistes vir swart Amerikaners was om te kon stem. (1 x 2) (2)

3.3.3 Het die redakteur die Vryheidsomer-veldtog ondersteun? Haal bewyse uit die bron aan om jou antwoord te ondersteun. (2 x 2) (4)

3.3.4 Kan die houding van die redakteur met betrekking tot die Vryheidsomer-veldtog regverdig word? (2 x 2) (4)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

3.4 Gebruik AL die bronne en jou eie kennis en skryf ŉ paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik hoe die Suidelike State die Amerikaanse grondwet geskend het. (8)

3.5 UITGEBREIDE SKRYFWERK (Jou antwoord moet ongeveer TWEE bladsye lank wees.)

Beantwoord EEN van die volgende vrae: VRAAG 3.5.1 OF VRAAG 3.5.2.

3.5.1 Bespreek die verskillende vorme van burgerregte-protes in die 1960's en toon aan hoe dit veranderinge in die VSA meegebring het. (30)

OF

3.5.2 "Die 1960's word dikwels na verwys as ŉ dekade van burgerregte-protes in die Verenigde State van Amerika."

Stem jy saam? Bespreek hierdie stelling krities deur gebruik te maak van die inligting uit AL die bronne en jou eie kennis. (30)
**[75]**

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 4: HOE HET STEVE BIKO EN DIE SWART BEWUSSYNSBEWEGING TOT DIE BEVRYDINGSTRYD VAN SUID-AFRIKA IN DIE 1970's BYGEDRA?**

Bestudeer Bronne 4A, 4B en 4C om die volgende vrae te beantwoord.

4.1 Verwys na Bron 4A.

4.1.1 Definieer die begrip *Swartbewussyn* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

4.1.2 Verduidelik wat Biko bedoel het toe hy gesê het dat daar teen swartes gediskrimineer was:

(a) Polities

(b) Ekonomies

(c) Sosiaal (3 x 2) (6)

4.1.3 Na watter tipe mense verwys die woord "Swart"? (1 x 2) (2)

4.1.4 Wat was die doelwitte van die Swart Bewussynsbeweging? (2 x 2) (4)

4.1.5 Verduidelik wat Biko bedoel het toe hy gesê: "die magtigste wapen in die hande van die onderdrukker is die verstand van die onderdruktes." (1 x 2) (2)

4.1.6 Verduidelik die bruikbaarheid van hierdie bron vir historici wat die Swartbewussynsbeweging navors. (2 x 2) (4)

4.2 Bestudeer Bron 4B.

4.2.1 Watter boodskap dra hierdie foto oor? (1 x 2) (2)

4.2.2 Watter impak het Bantoe-onderwys op Swart studente gehad? (2 x 2) (4)

4.2.3 Verduidelik die aard van die optog. Gebruik TWEE visuele leidrade uit die bron om die vraag te beantwoord. (2 x 1) (2)

4.2.4 Gebruik die bron en jou eie kennis om te verduidelik waarom die optog gewelddadig geraak het. (2 x 2) (4)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

4.3 Raadpleeg Bron 4C.

4.3.1 Hoe, volgens hierdie bron, het Steve Biko die blanke regering konfronteer? (1 x 1) (1)

4.3.2 Wat was die betekenis van die Swart Gemeenskapsprogramme? (1 x 1) (1)

4.3.3 Noem enige EEN van die Swart Gemeenskapsprogramme wat Biko gestig het. (1 x 1) (1)

4.3.4 Het die Apartheidsregering die Swart Gemeenskapsprogramme ondersteun? Haal bewyse uit die bron aan om jou antwoord te staaf. (2 x 1) (2)

4.4 Gebruik AL die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (80 woorde) waarin jy verduidelik hoe die Swart Bewussynsbeweging die Apartheidsregering uitgedaag het. (8)

4.5 UITGEBREIDE SKRYFWERK (Jou antwoord moet ongeveer TWEE bladsye lank wees.)

Beantwoord EEN van die volgende vrae: VRAAG 4.5.1 OF VRAAG 4.5.2.

4.5.1 Bespreek die bydrae van Steve Biko se Swart Bewussynsbeweging in die vryheidstryd van Suid-Afrika in die 1970's. (30)

OF

4.5.2 "As dit nie vir Biko se invloed in die 1970's was nie, sou Suid-Afrikaners nog steeds onder apartheid geleef het."

Gebruik die inligting uit AL die bronne en jou eie kennis, en bespreek krities die rol wat Steve Biko in Suid-Afrika gedurende die1970's gespeel het. (30)
**[75]**

**TOTAAL: 150**

eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com